Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 39 van 2022

25 September 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Goeie klei in die hande van die Pottebakker

Jy word nie vanself fikser of sterker nie. Jy weet dit kos inspanning en harde werk. Dieselfde geld wat jou karaktervorming betref. Jou karakter groei nie outomaties Godwaarts nie. Jou karakter neem slegs die regte vorm aan deur aanhoudende gehoorsaamheid aan die Here se wil. Dit gebeur deur jou bewustelike keuses om God en ander mense lief te hê. Wanneer jy oor en oor kies om Hom voorop te stel en om ander mense raak te sien, word dit tweede natuur in jou lewe. Dan raak jy al hoe meer gehoorsaam aan die Here se stem in jou binneste. Dan volg jy Sy voorskrifte in die Bybel al hoe meer spontaan. Dan dra jy meer van die regte soort vrugte - daardie vrugte wat God verheerlik en wat ander mense opbou in hulle geloof en menswees.

Karaktergroei gebeur lewenslank. Nooit is jy hiermee klaar nie. Elke dag kies jy van voor af om goeie en bruikbare klei in die hande van die Hemelse Pottebakker te wees. Elke dag neem jou lewe ook die regte vorm aan, wanneer jy dit toevertrou aan die sorg van die Here. Doen dit asseblief vandag. Doen dit ook elke ander dag, wat aan jou gegun word.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Johan Kotzé
Ria Putter
Janine Vorster
Maria Steyn
Sampie Swart
Hanna Pienaar
Marné Holtzhausen
Oom Eberhard Carshagen
Suzelle Barkhuizen
Tannie Bets Coetzee
Oom Hannes Stoltz
Annika Kilian
Lilian van Zyl
Lucinda Graaff
Martie van Staden
Susan van Zyl
Juan Strijdom
Gert Keulder
Louis Strauss
Ina van der Merwe
Jaap Naudé
Philip de Jager
Wally Fourie

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.